# BELASTINGSEISOEN OPEN OP 1 JULIE VIR EFILERS

**PRETORIA, Dinsdag 25 Junie 2019** - Met Belastingseisoen wat oor 'n paar dae begin, moedig die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) belastingpligtiges, wat vereis is om inkomstebelastingopgawes in te dien, aan om van SARS eFiling of die SARS MobiApp gebruik te maak om hulle opgawes in te dien vanaf 1 Julie 2019.

Belastingpligtiges wat nie van SARS eFiling of die SARS MobiApp gebruik maak nie, maar die hulp van personeel by 'n SARS-tak benodig om hulle opgawes in te dien, sal dit eers vanaf 1 Augustus 2019 kan doen. Die sperdatum vir belastingpligtiges wat by 'n SARS-tak indien, is 31 Oktober 2019 - 'n baie korter tydperk.

Nie-voorlopige belastingpligtiges wat van SARS eFiling en die SARS MobiApp gebruik maak, sal 'n langer tydperk hê om hulle opgawes in te dien, met 'n sperdatum van 4 Desember.

Die rede vir hierdie verspreide benadering tot Belastingseisoen 2019 is om belastingpligtiges aan te moedig om van dié twee digitale kanale, SARS eFiling en die SARS MobiApp gebruik te maak, wat 24 uur per dag beskikbaar is, versterkte eienskappe aanbied en die behoefte om by 'n SARS-tak tou te staan verwyder.

In 2019, sal die SARS MobiApp, aflaaibaar vanaf die Play Store of App Store, belastingpligtiges in staat stel om vir SARS eFiling te registreer, stawende dokumente op te laai, hulle gebruikersnaam te herwin of wagwoord te herset en hulle Kennisgewing van Aanslag (ITA34) te besigtig, onder andere.

Die verspreide benadering tot Belastingseisoen 2019 is ook nodig omdat SARS voortdurend meer as 'n miljoen belastingpligtiges by takke ontvang wat nie nodig het om belastingopgawes in te dien nie.

SARS wil belastingpligtiges herinner dat nie alle belastingpligtiges nodig het om inkomstebelastingopgawes in te dien nie. Belastingpligtiges wat aan al die volgende kriteria voldoen, hoef nie 'n opgawe in te dien nie:

- Hulle totale besoldigingsinkomste vir die jaar, voor belasting, nie meer as R500 000 is nie
- Hulle slegs van EEN WERKGEWER besoldigingsinkomste ontvang vir die volle belastingjaar
- Hulle het geen ander vorm van INKOMSTE nie (bv. motortoelaag, besigheidsinkomste of huurinkomste, belasbare rente of inkomste uit 'n ander betrekking)
- Hulle het geen bykomende toelaatbare belasting-verwante aftrekkings om te eis nie (bv. mediese uitgawes, uittree-annuïteitbydraes of reisonkoste).

Om verder te verhoed dat belastingpligtiges onnodige besoeke aan SARS-takke aflê, sal belastingpligtiges wat nie nodig het om 'n opgawe in te dien nie maar in die verlede herhaaldelik wel 'n opgawe ingedien het, 'n kennisgewing van SARS ontvang dat hulle nie nodig het om 'n opgawe in te dien nie.

Bykomend daartoe, sal hulle 'n gesimuleerde uitslag van SARS ontvang asof hulle wel 'n opgawe ingedien het. Die uitslag sal gebaseer wees op inligting wat SARS van werkgewers en ander bronne ontvang het, en sal aandui wat die belastingpligtige kan verwag asof hulle wel 'n opgawe ingedien het.

Belastingseisoensperdatums

- Vir diegene wat van eFiling of die SARS MobiApp gebruik maak, sal Belastingseisoen op 1 Julie open en op 4 Desember 2019 sluit
- Belastingpligtiges wat 'n SARS-tak besoek om 'n opgawe in te dien, sal vanaf 1 Augustus tot 31 Oktober 2019 gehelp word.
- Voorlopige belastingpligtiges het tot 31 Januarie 2020 om deur SARS eFiling opgawes in te dien.